

Kampfokus en kamporde

Num 1:47-54, 3:1-14

18 April 2021

1. Uit die sensusopnames het ons geleer hoe God werk, en ook dat God van Sy gelowige kinders verwag dat hulle moet stry vir die groei van Sy koninkryk.
2. Oorsig: Num 1:47 – 3:51
 - a. Leviëte en Priesters
 - i. Leviëte is nie getel saam met volk nie, want God wou hulle nie vir militêre diens gebruik nie, maar wel vir diens in die tabernakel
 - ii. Hulle moes toesig hou ter ondersteuning van die priesters Aäron, Eleasar en Itamar (Nadab en Abihu was reeds dood) (Num3:1-4, Lev 10:1-3, Num 3:5-6, 7-8, 10)
 - iii. Hulle moes die tabernakel uitmekaar haal, dra en weer opslaan (Num 1:50-51)
 - iv. Hulle moes onbevoegde toetreders tot tabernakel voorkom (Num 1:50-51)
 - v. Hulle was uitgesoek en aan God gewy in plek van eersgeborenes (Num3:12-13). Moses moes sensusopnames maak van manlike Leviëte en eersgeborenes van 1 maand en ouer (Num 3:14, 40-42). Loskoopprys moes betaal word vir die 273 eersgeborenes wat meer was as die Leviëte (Num 3:39, 43, 47-48)
 - vi. Leviëte se sensusresultate:
 - Gersongroep: 7 500, kamp wes van tabernakel, dra tabernakeltent
 - Kehatgroep: 8 600 (8 300?), kamp suid, dra tabernakelmeublement
 - Merarigroep: 6 200, kamp noord, dra rame, voetstukke, ens
 - Moses, Aäron en priesters: kamp oos
 - b. Kamporde (Num 2) – Rondom die tabernakel, agter die Leviëte, kamp die volk:
 - i. Oos: Juda, Issaskar en Sebulon, vertrek eerste
 - ii. Suid: Ruben, Simeon en Gad, vertrek tweede
 - iii. Leviëte met tabernakel: vertrek daarna
 - iv. Wes: Efraim, Manasse en Benjamin, vertrek derde
 - v. Noord: Dan, Aser en Naftali, vertrek vierde
3. Implikasies vir ons:
 - a. God is die fokus
 - i. Tabernakel was middelpunt van kamp en wanneer hulle trek
 - ii. Ontwikkeling: Eks 19, Eks 33:7, Joh 1:14, 1 Kor 3:9, 16, Heb 10:19, Op 21:3
 - b. God is heilig
 - i. Beskerm deur Leviëte in kamp, voorsorg vir beskerming van Leviëte op pad
 - ii. Nuwe Testament: Joh 1:14, Hand 5:1-5, 1 Kor 11:27 ev, Heb 12:28b-29
 - c. Gelowiges het twee fokusareas: aanbidding en stryd
 - i. Stryd vir uitbreiding van God se koninkryk
 - ii. Aanbidding:
 - Gelowiges is nou priesters (1 Pet 2:5, 9)
 - Implikasies vir eredienste
 - OT – Leiers was priesters, Leviëte; NT – ouderlinge, diakens